



21 | KOEWEIT Christene in Koeweit sukkel met die vereiste om te vas – wat deur beide die regering en gemeenskap afgedwing word. Bid vir wysheid vir gelowiges vanuit Moslemfamilies wat versigtig moet wees oor hoe hulle hul geloof in die openbare uitleef, veral tydens Ramadan.

22 | KATAR In Katar bied Ramadan h spesiale geleentheid aan Christene, ten spyte van die reëls van die Moslem-vas wat hulle moet volg, want hulle kan ekstra byeenkomste reël vanweë die korter werksure. Bid dat hierdie tyd van samesyn die Kerk in hierdie Moslemland sal versterk.

23 | SAOEDI-ARABIË Ramadan is h baie uitdagende tyd vir Christene, namate familieleden h oog op mekaar hou om te verseker dat almal die reëls van die vas nakom. Bid dat Christene op Christus sal fokus en dat hulle staande sal bly wanneer die druk op die ergste is.

24 | OMAN In h poging om Allah te behaag, sal sommige kinders soveel Koran verse as moontlik per hand oorskryf. Bid dat God magtig in hierdie kinders se lewens sal werk – dat hulle toewyding om Allah te behaag, hulle nader aan die ware, lewende God sal bring.

25 | AFRIKA Christene in sekere dele van Afrika moet hul geloof geheim hou om bedreigings tot hul gesondheid, familie en selfs lewens te vermy. Dit beteken dat hulle hul familie se gebruike gedurende die maand van Ramadan moet volg. Bid dat hul families, deur hulle, Jesus sal ontmoet en dat God hulle sal toerus om Ramadan veilig te oorleef.

26 | TUNISIË Sosiale druk om gedurende Ramadan te vas word regdeur Tunisië ervaar. Nie-Moslems moet die meerderheid Moslem-bevolking respekteer, byvoorbeeld, deur hulle restaurante tydens die vas te sluit. Baie is omgekrap hieroor. Bid vir meer toegeeflikheid van die regering teenoor nie-Moslems wat nie vas nie.

27 | EGIPT Alhoewel Ramadan dikwels moeilik is vir Christene vanweë die toename in die vervolging wat hulle ervaar, is dit ook h maand waarin hulle liefde aan hul Moslembure kan bewys. Bid dat hul Moslembure Christus deur hulle sal ervaar namate Christene hulle besoek en ontbyt vir hulle voorberei.

28 | MAROKKO Christene in Marokko ervaar steeds aansienlike beperkings gedurende Ramadan, ten spyte van die godsdienstvryheid in die land. Bid dat God met Christene sal wees hierdie Ramadan en dat Hy Homself deur Sy kinders aan Moslems sal openbaar.

29 | ALGERIË Bid vir Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond wat onlangs Christene geword het. Bid dat God vir hulle genade en wysheid sal gee in hul interaksies met hul Moslemfamilies en -gemeenskap wat meer toegewyd is tydens hierdie maand en mag poog om hulle terug te bekeer tot Islam.

30 | SOMALIË Gedurende Ramadan in Somalië is die kultuurvormende mag van Islam selfs nog meer sigbaar. Hier, indien dit ontdek word dat h Moslem tot Christenskap bekeer het, kan hy/sy onthoof word. Bid vir gelowiges in Somalië namate hulle poog om vir Jesus te leef onder versmorende druk.

31 | NAG VAN KRAG Moslems om die wêreld glo dat hierdie die aand is wat die Koran aan Mohammed openbaar is. Baie sal hulle bes doen om Allah te behaag en om vergifnis vir al hul sondes te verkry. Bid dat hulle veral vanaand vir Jesus sal ontmoet en sal besef dat Hy die ewige bron van alle mag is.

*Naam verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

GEBEDSKRYGERS FLITS



Bid vir ons vervolgte broers en susters gedurende Ramadan 2019



SPEZIALE UITGAWE

RAMADAN | 5 MEI TOT 4 JUNIE 2019

“Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg.” – Matteus 5:44 (1983)

**Mei
2019**



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za

1 | VIËTNAM Verlede jaar is pastoor Van* en sy vrou deur dorpenaars geslaan oor sy bedieningswerk. Die loesing het veroorsaak dat hy nou doof is... Bid dat God hierdie paartjie sal genees van die trauma van die aanval en hulle sal herinner dat Hy groter is as hulle beproewinge.

2 | KAMEROEN Die Boko Haram-opstand in noordelike Kameroen het na bewering soveel as 237,000 mense ontwortel. Bid dat die Here vir die oorlewendes van hierdie opstand sal voorsien. Bid vir h' herstel van sekuriteit sodat die ontwortelde mense weer tot h' mate gewone lewens kan lei.

3 | DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO Honderde kinders en vroue word gevange gehou deur die *Islamic Allied Democratic Forces*. Hulle word geforseer om Islam aan te neem en word gebruik in die gevegte en vir seks. Bid dat God hulle sal red en hulle emosioneel en fisiek sal genees.

4 | CHINA Baie groot kerke verdeel in kleiner huiskerke om te verhoed dat hulle opgespoor en hul leiers deur plaaslike owerhede gearresteer word. Bid dat nuwe huiskerkleiers sal groei in volwassenheid en waagmoed om gelowiges te lei deur h' toenemend aggressiewe seisoen van vervolging in China.

RAMADAN BEGIN

5 | WÊRELDWYD Vandag begin miljoene Moslems wêreldwyd met hul maandlange Ramadan-vastyd. Bid dat namate Moslems poog om gedurende hierdie tyd hulself tot Allah te nader, hulle Jesus sal vind wat die Waarheid, die Weg, en die Lewe is.

6 | MOSLEM-WÊRELD Bid vir onlangs bekeerde Christene vanuit h' Moslemagtergrond hierdie Ramadan. Bid dat hulle onder hul Moslemfamilie en -vriende aan die Here sal vashou. Mag die Here aan hulle die wysheid gee om enige vrae te beantwoord oor die vas se gebruike waaraan hul nie deelneem nie.

7 | ASIË Bid dat God Christenouers in Moslem-Asië sal gerusstel dat Hy oor hul kinders waak, veral in lande waar kinders die Koran by die skool geleer word. Bid dat hierdie kinders volgeling van Christus sal word.

8 | INDONESIAÏE Indonesië huisves die wêreld se grootste Moslembevolking. Bid dat namate hulle honger en dors om Allah beter te ken gedurende Ramadan, Christus Homself aan

INDONESIAÏE vervolg hulle sal openbaar, en hulle honger en dors met Sy Waarheid sal vul.

9 | BROENEI Beperkings word geleidelik ingestel op die hele bevolking van Broenei. Byvoorbeeld, tydens Ramadan moet alle restaurante, insluitende nie-Moslem plekke, toemaak. Bid dat God vir Christene sal onderneem namate hulle Christus volg in h' toenemend vyandige omgewing.

10 | SUIDELIKE FILIPPYNE Hierdie maand sal twee jaar wees sedert die stad van Marawi, net h' paar dae voor die begin van Ramadan in 2017, deur die Islamitiese Staat aangeval is. Bid vir goeie verhoudings tussen Christene en Moslems in Marawi, en vir versoening en vertroue om tussen die verskillende gemeenskappe herstel te word.

11 | MALEDIVE In die Maledive probeer baie desperate mense hoop vind in slegte lewensgewoontes. Bid dat gedurende Ramadan, God aan die handjievul Christene wysheid en waagmoed sal gee om uit te reik na hierdie verlore siele met die hoop wat ons in Christus het.

12 | PAKISTAN h' Wet wat die verkoop en gebruik van kos en drinkgoed gedurende Ramadan verbied, is in 1981 in Pakistan ingestel. Oortreders van die wet kan beboet of tot drie maande tronkstraf gevonniss word. Bid vir krag vir Christene wat geforseer word om aan Ramadan deel te neem, ten spyte van hul vrye wil of oortuigings.



13 | TURKMENISTAN Baie Christene in Turkmenistan sal nog h' Ramadan moet verduur waartydens hulle hul geloof geheim moet hou van hulle Moslemfamilies en -gemeenskappe. Bid dat hulle naby aan Jesus sal bly en hul krag van Hom sal verkry. Mag hulle met waagmoed hul geloof deel indien enige geleentheid opduik.

14 | SENTRAAL-ASIË Bid vir Christene wat deur hul Moslemfamilie verlaat is. Bid dat gedurende Ramadan hulle in staat sal wees om met ander Christene te ontmoet en hulle ware familie in God se kinders sal vind.



15 | BANGLADES Bid vir Gelowiges vanuit h' Moslem-agtergrond wat na geleenthede soek om uit te reik na hul Moslemfamilie en -bure gedurende Ramadan. Bid vir die Here se hand van beskerming oor hulle omdat hulle dikwels meer vervolging gedurende hierdie tyd ervaar.

16 | MIDDE-OOSTE Gedurende Ramadan bid baie Christene in die Midde-Ooste daagliks vir hulle Moslembure. Bid dat hulle gebede baie vrug sal dra en vir geleenthede om die Evangelie met Moslems te deel.

17 | PALESTYNSE GEBIEDE In die Palestynse Gebiede gedurende Ramadan is dit onaanvaarbaar om kos in die openbaar te eet. Gedurende hierdie tyd moet Christene ekstra versigtig wees. Bid vir baie wysheid en leiding vir Christene in hul daaglikse gedrag gedurende dié maand.

18 | LIBANON In die platteland word daar neergekyk op Christene vanuit h' Moslemagtergrond in indien hulle weier om deel te neem aan Ramadan. Bid vir God se krag vir Christene te midde van die druk wat hulle hierdie Ramadan mag ervaar.

19 | ARABIESE SKIEREILAND Vir Christene in die Arabiese Skiereiland is die Moslem-maand van vas h' spesiale tyd van gebed en h' geleentheid om uit te reik na hul Moslembure met die Evangelie. Bid dat die saad van die Evangelie wat geplant word baie vrug sal dra.

20 | VERENIGDE ARABIESE EMIRATE Christene in die Verenigde Arabiese Emirate moet volgens die Islamitiese wette van die land leef. Dit sluit in om nie tydens Ramadan in die publiek te eet of te drink nie. Bid vir meer aanvaarding in hierdie land sodat Christene toegelaat sal word om hul geloof vrylik te beoefen.